
# Preekopsomming Johannes 18:1-11

Pas die lyding van Christus by 'n liefdevolle God?

# Preekopsomming van preek gelewer op 14 April 2019

# Die kerk is die liggaam van Christus

- Waar die kerk vervolg word, word Christus vervolg.
- Waar die kerk ly, word Christus gehaat.
- Waar die kerk ‘n stryd met die wêreld het, is die stryd eintlik teen Christus.



## Joh. 18:1-11



# Joh. 18:1-11

Wanneer Paulus op die pad na Damaskus die kerk vervolg, spreek Christus hom aan: Waarom vervolg jy My?

Die gebeure in die tuin van Getsemane gaan dus oor twee tendense

1. Christus se lyding en vervolging
2. Die begin van die vervolging en lyding van die kerk

## Christus se gevangeneming bevestig weereens sy mag

- Toe die skare hoor wie Hy is, val hulle op die grond neer soos voor ‘n koning
- Wanneer Paulus op die pad na Damaskus deur die helder lig omstraal word, val hy ook soos ‘n dooie op die grond neer
- Die mag van Christus maak die mens soos ‘n dooie voor Hom.

Christus se gevangeneming bevestig weereens sy mag

- Petrus neem sy sward en kap die oor van Malchus af
- Christus bevestig daarenteen – My koninryk is nie ‘n aardse koninkryk nie
- Die wil van die Vader kom ter sprake in die beker wat Hy moes drink



Christus se gevangeneming bevestig weereens sy mag

- Die Verlosser handel as ‘n mens
- Petrus wil vergeld met sy sward
- Christus vergewe – in ooreenstemmende dele in die evangelies word vertel dat Christus Malchus se oor genees het, sy laaste wonderwerk voor sy kruisiging.

Is Christus se lyding nie onregverdig en in stryd met die liefde van God nie?

- Christus beantwoord die vraag in die teksgedeelte in vers 11 as Hy sê dat Hy die wil van die Vader doen en die lydensbeker drink ter wille van ons sondes
- Die lyding en kruisiging van Christus is dus vrywillig – nie onder dwang nie, nie onder protes nie, maar soos ‘n vriend wat ter wille van sy vriende sy lewe sal gee.

Laat ons Paasfees herdenk met die herinnering aan die genade van Christus teenoor sy kerk en sy kinders

- Dat Hy sy lewe vrywillig gee
- Dat Hy ons sondes op Hom neem
- Dat Hy die beker van die Vader leeg drink
- Dat sy liggaam (sy kerk) gehaat sal word omdat hulle die Here en Meester eerste gehaat het.
- Maar dat dit ons nie moedeloos moet maak nie – ons het deel aan ‘n groter onsigbare koninkryk waaroor Christus vir ewig as Koning regeer.